MARTIN BEHEIM-SCHWARZBACH, *Paulus*, Rufer-Verlag, Gütersloh. 1953.

In 'n kompakte bestek en onderhoudend bied die skrywer 'n tipering van die persoon en werk van die apostel Paulus aan. Naas die interessant verwerkte hisotirese materiaal, word nietemin hier- en daar onbewysbare en selfs onwaarskynlike gevolgtrekkinge ingeskuif, b.v. dat Paulus se vader 'n tapytmaker was, dat Paulus self 'n asketeise en fanatieke natuur was, dat hy ver van Jerusalem gewoon het, aan vallende siekte gely het en Lukas eers in Troas ontmoet het, dat hy die liggaam beskou as kerker van die siel en dat Markus nog tydens die lewe van die apostel besig was met die skrywe van sy Evangelie te Rome.

In die verbygaan word ook interessante opmerkinge gemaak oor ander bybelfigure, maar interessant net uit die oog van die romanskrywer. Histories en teologies is dit onverantwoordbaar en selfs strydig met die feitelike gegewens. Dit heet byvoorbeeld dat Christus in die mens Jesus ingewoon het sedert die doop, dat die Doper 'n „siener "was en dat Jakobus, die broer van die Here baie op Jesus gelyk het en 'n besondere opdrag gehad het om die sakrament van die Avondmaal voort te sit.

Dit neem nie weg nie dat 'n groot hoeveelheid waardevolle gegewens in hierdie vlot geskrewe boek aangebied word.

A. S. GEYSER.